Posbus 642
Hendrina
Tel.083 608 2405/ Faks: 086 576 8238
Kontakpersone: Chrissie Strydom
1095
E-Pos: chrissiestrydom@gmail.com

Hi!

Ons nooi JOU en jou vriende om ‘n fees van sports en avontuur by hierdie jaar se **Crux-Avontuurkamp** te kom geniet. Soos gewoonlik is dit ‘n week, 24 September- 29 September 2010, propvol aktiwiteite en is daar baaaaaaie mense om te leer ken. Die kamp is vir alle Graad 8 – 12 ‘s.

Hoekom Crux-avontuur? **Crux** (Latyn vir kruis) is wat vir ons sentraal moet wees in ons lewe: Jesus se “ultimate” liefdesoffer vir ONS. Om Jesus (die **kruis**) te volg is ook nie altyd maklik nie en daarom moet dit elke keer vir ons ‘n nuwe avontuur wees! Op Crux “leer” ons meer van God en onsself sodat ons God se liefde beter aan ander kan wys.

Die kampkoste vir die hele week is R600.00, en kan op die dag van die kamp, of elektronies, inbetaal word. Bankbesonderhede word ingesluit – **onthou asb. om die deposito strokie saam met jou vorm te faks.**
Die kamp begin Vrydag, 24 September om 11:00 en eindig Woensdag, 29 September om 11:00 te Kruisrivierkampterrein (padkaart ingesluit). Ons kamp begin soos gewoonlik op Kruisrivier, maar soos altyd maak ons ‘n draai op Avontuur (braaivleis en potbrood!).

Ons beleef ons oggendritte na Avontuur nog steeds op Pumba !! Moenie dink jy gaan ‘n oomblik stilsit nie! Ons gaan abseil, foefieslide, hindernisbane, literiabane, wildritte, stap, lofaand, dinee, baie flinkdink en kopkrap aktiwiteite aanpak, en so deur alles nog tyd maak om vriendskapsbande te smee (dalk iemand in die oog te kry?) en te vergeet van SKOOL (vir ‘n hele 6 dae)!

Ons hoop van harte JY besluit om te kom! ONS kan nie wag om jou daar te sien nie! Soek ons gerus ook op Facebook as jy nog bietjie onseker is.

Kontak so gou moontlik vir Chrissie (083 608 2405) om teleurstelling te voorkom, aangesien daar **120** plekke beskikbaar is. **Dit is baie belangrik dat jy jou vorm, asook ’n R100 deposito inbetaal om jou plek te verseker**. **Jammer geen plekke kan andersins gehou word nie.**

Indien jy vervoer benodig vanaf Middelburg na Kruisrivier (of terug) moet jy dit asb. duidelik op jou vorm aanteken en sal ons jou nader aan die tyd kontak oor die vervoer reëlings. Geen busse word gereël, so dit is baie belangrik dat indien jy vervoer benodig na Kruisrivier of terug jy dit met Chrissie moet bevestig so gou as moontlik.

Neem asb. kennis dat dit 'n <u>avontuurkamp</u> is so daar is baie stof en gras, grassade, indien jy dus allergies is bring asb. jou medikasie/asma pompie saam.

Aansoekvorm

Faks\mail jou aansoekvorm so gou as moontlik vir aandag Chrissie: chrissiestrydom@gmail.com of faks:
086 576 8238. Sluitingsdatum is 17 September 2010.

Naam: …… Van: ……..

Geboortedatum: ……/ ……/….....

Graad en Ouderdom: …….....

Gemeente: .....

E-pos: ……..……..... Kontaknr. (Pa) .....

(Ma) .....

Eie selfoon .....

e-mail: …… ……

Gebruik van medikasie: ……

Mediese fonds: …….

Enige allergieë: …….

Was jy by vorige Crux-kampe? …….

Ouer/voog se toestemming (persone onder 18 jaar)

Hiermee gee ek, ……. Ouer \ voog van

…….toestemming dat hy\sy die kamp mag bywoon. Ek vrywaar die personeel en kerk van enige skade aan hom/haar of enige besittings van hom/haar aangerig in die geval van 'n ongeluk. Ek gee hiermee toestemming dat die kampleier namens my mag optree na sy \ haar goedunke tot voordeel van my kind vir die week 24 September – 29 September 2010.

Omkring asb. duidelik

tjek vir die volledige bedrag van R600

deposito van R 100 om my plek te bespreek

ek benodig vervoer na Kruisrivier

ek benodig vervoer vanaf Kruisrivier

Handtekening: _____ Datum: _____

(Hierdie kamp word ondersteun deur die Jeugbediening van die Sinode van Oos-Tvl en NG Gemeente Middelburg-Suid)

Crux benodighede

Wat moet jy saambring

Gemaklike ou klere – Jou klere gaan defnitief vuil word
Tekkies/stapskoene
Swemklere, Swemhanddoek
Eetgerei – Bord, bakkie, koppie, mes, vurk, lepel en afdrookdoek
Beddegoed – Duvet,kombers, kussing of slaapsak en kussing
Bybel, pen en skryfblok
Sonbrandroom/hoed
Muskiet afweermiddel
As jy kan 'n flits
1 stel netjiese klere vir dinee-geleentheid
Handdoek
Toiletware
Warm Klere
Jou ore!!!!!!!!!!

BANKBESONDERHEDE

Die bankbesonderhede is as volg:	N.G.Kerk Middelburg-Suid (Crux-kamp)
Rekeningnr.	9111694454
Tak	Middelburg (Mpumalanga)
Bank	ABSA
Takkode	334350

Indien u elektronies die gelde oorbetaal **MOET** u asb. u kind se naam/van as verwysing gebruik. Alle tjeks moet uitgemaak word aan N.G. Kerk Middelburg-Suid (Crux-kamp). Faks asb. u inbetalingstrokies aan 086 576 8238.

Groete in Christus
Chrissie Strydom
083 608 2405